# HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

**WEEKBRIEF 5** **16 FEBRUARIE 2024**

## UIT DIE KANTOOR

Die skool ervaar met dankbaarheid 'n sterk ouerbetrokkenheid by sport. U ondersteuning is 'n bewys van u lojaliteit. So ook ervaar u kinders u betrokkenheid as baie belangrik en ondersteunend.

Ons is van mening dat dit ook belangrik is om kennis te neem van u kind se belewing van dié ondersteuning.
Gesonde en gebalanseerde aanmoediging verrig wondere. Uitermatige reaksie of oorbetrokkenheid by oefeninge en wedstryde het egter negatiewe gevolge. Hierdie is ongetwyfeld ons definitiewe ervarings.

**Daar word dus 'n beroep op ouers gedoen om**:

- te volhard om kinders ten alle tye positief te motiveer en aan te moedig.
- nie betrokke te raak by die sport tydens die duur van oefeninge / wedstryde nie.
- waar moontlik, liefs u kind by die velde of bane te besorg en af te haal na afloop van die oefening.
- die spanpraatjie voor, tydens halftyd en na afloop van elke wedstryd in die uitsluitlike beheer van die afrigter oor te laat.
- te onthou dat die afrigters reeds bepaalde strategieë met spanne bespreek het voor wedstryde.
- u daarvan te weerhou om tydens wedstryde opmerkings teenoor spelers (nie noodwendig u kinders nie) te maak, wat hulle as voorskrifte van die kantlynaf beleef en verwarring saai.
- die oordeel van afrigters en skeidsregters op en van die veld te aanvaar en dus nie hulle integriteit te bevraagteken nie. (Geen ware opvoeder wil berekend en met opset enige leerder of span benadeel nie.)
- die sportbeleid van die skool te erken en te respekteer.

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

## BELANGRIKE DATUMS DIE WEEK

**Februarie**

**16** Atletiek: Sentraal top 10

**Valentynsbal**

**28** JF's Got Talent

**1** Toetsreeks begin

## Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik
- www.jf.co.za






## DIE KODE VAN DIE GOEIE TOESKOUER

**Toeskouers behoort:**

- te onthou dat kinders aan sport deelneem vir hulle plesier.
- goeie individuele vertonings deur alle spelers en spanne te erken.

- beslissings deur skeidsregters en wedstrydbeamptes te eerbiedig.
- NOOIT enige speler, beampte, mede-toeskouer of afrigter verbaal aan te val of af te kraak nie.
- alle spelers positief aan te moedig.
- nie op 'n speler te skree nie, skree vir hom.
- alle spelers, ongeag die span waarvoor hy speel, aan te moedig .
- nie spelers af te kraak nie.
- te onthou dat ons slegs besig is met 'n spel – dit is nie 'n oorlog of 'n provinsiale wedstryd of 'n toets nie.
- te onthouafrigters is onderwysers, nie altyd professionele sportmanne of professionele afrigters nie.

**Samevattend:**

**Die skool verwerp dus enige emosionele en onaanvaarbare optrede wat strydig is met bostaande oortuigings en keur sodanige optredes ten sterkste af.**
**Die skool ondersteun 'n effektiewe en goedbeplande program waar opvoedkundige waardes teen die agtergrond van gesonde kompetisie kan realiseer. Die skool erken, soos hierbo uiteengesit, die impak van ouerondersteuning, mits dit versoenbaar is met die doelwitte van sport op Hoërskoolvlak.**

JF-groete
*Corné Erasmus*

Na afloop van die 2023 matriekeksamen het die Skole Ondersteuningsentrum(SOS) die uitslae ontleed en die volgende inligting is beskikbaar gestel.

*(Besoek gerus die webtuiste van skole.co.za vir die volledige verslag)*

**16de** — **Afrikaans**

Hoërskool Jim Fouché beklee die 16de plek nasionaal van Afrikaanse skole met die meeste onderskeidings per kandidaat. (10 de plek nasionaal en 1ste plek in die Vrystaat van Afrikaanse seuns- en dogterskole )

**15de** — **Engels FAT**

Nasionaal 15de plek van alle skole met die meeste onderskeidings in Engels Eerste addisionele taal (12 de plek nasionaal van Afrikaanse seuns- en dogterskole)

**16de** — **Wiskunde**

Nasionaal 16 de plek van alle skole met die meeste onderskeidings in Wiskunde per getal kandidate (3de plek nasionaal van Afrikaanse seuns- en dogterskole)

SKOLE ONDERSTEUNINGSENTRUM

**17de** — **Rekeningkunde**

Nasionaal 17de plek van alle skole met die meeste onderskeidings in Rekeningkunde (6 de plek nasionaal van Afrikaanse seuns- en dogterskole)

**9de** — **Fisiese Wetenskap**

Nasionaal 9de plek van alle skole met die meeste onderskeidings in Fisiese Wetenskappe per getal kandidate (1ste plek nasionaal van Afrikaanse seuns- en dogterskole)

**8ste** — **Lewenswetenskap**

Nasionaal 8ste plek van alle skole met die meeste onderskeidings in Lewenswetenskappe (2de plek nasionaal van  Afrikaanse seuns-en dogterskole)

**10de** — **Lewenswetenskap**

Nasionaal 10de plek van alle skole met die meeste onderskeidings in Lewenswetenskappe per getal kandidate (2de plek nasionaal van Afrikaanse seuns- en dogterskole)

#JFAKADEMIE

#TROTSJF

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES

# Februarie

**16 Februarie**
Netbal: Skeidsregterskursus
ATKV Inskrywings
**Atletiek: Sentraal top 10**
Koskasdag
Skaak: Liga

**19 Februarie**
Waardeweek: Lojaliteit (Gr. 8)
**20 Februarie**
Atletiek AFS

**21 Februarie**
JF-periode: VRL
Radikale Redenaars: Inskrywings
**22 Februarie**
Swem: Interhoër
Netbal: OMS - Netbaldag
**23 Februarie**
Matriek / Res / Gradedag
**24 Februarie**
Atletiek: Motheo H/S
Nautilus 1
Netbal: FSSI Skeidsregterskursus
**Sportdag: Pres. Steyn**
**26 Februarie**
**Mnr en Mej JF onderhoude**
**Waardeweek: Geloof (JFFJ-leiers)**
**28 Februarie**
**JF-Periode: JFFJ / JFMP**
**JF's Got Talent**
**VRL: Forum**
**29 Februarie**
**Netbal: OMS - netbaldag**
**Alpha**
**JFFJ**
**1 Maart**
**Atletiek: (VS) ASA Kampioenskappe**
**Sportdag: Fichardtpark**
**Toetsreeks begin**
**Uit die LOO-kantoor**
**LOO1**





TOETSROOSTER -

# TOETSROOSTER - MAART 2024

| | Graad 8 | Graad 9 | Graad 10 | Graad 11 | Graad 12 |
|---|---|---|---|---|---|
| Maandag<br>4 Maart | NW-M | SW | LO | RTT | IGO |
| Dinsdag<br>5 Maart | TEGN | AFR - V1 | AFR | IGO | LW |
| Woensdag<br>6 Maart | AFR - V1 | NW-L | RTT | BEST | ENG |
| Donderdag<br>7 Maart | NW-L | LO | IGO | ENG | VBS |
| Vrydag<br>8 Maart | AFR - V2 | NW-M | BEST | AFR | AFR |
| Maandag<br>11 Maart | ENG | EBW | EKON<br>GEO<br>VBS | EKON<br>GEO<br>VBS | EKON<br>DRAMA |
| Dinsdag<br>12 Maart | WISK - Taak | AFR - V2 | TRSM | DRAMA<br>TRSM | FW<br>TRSM |
| Woensdag<br>13 Maart | LO | TEGN | WISK<br>WWWG | KUNS<br>MUSIEK | RTT |
| Donderdag<br>14 Maart | WISK | WISK - Taak | REK<br>DRAMA | REK | BEST<br>MUSIEK |
| Vrydag<br>15 Maart | REM | REM | ENG | WISK<br>WWWG | GEO<br>KUNS |
| Maandag<br>18 Maart | EBW | WISK | FW<br>KUNS | FW | REK |
| Dinsdag<br>19 Maart | SW | ENG | LW | LW | WISK<br>WWWG |
| Woensdag<br>20 Maart | REM | REM | MUSIEK | LO | DRAMA |

TOETSROOSTER

# BEHEERLIGGAAMVERKIESING 2024

| NAAM | KOMITEE |
|---|---|
| Mnr. Marais R. | Voorsitter<br>Grond en Geboue<br>Finansies |
| Me. Crowther D. | Finansies<br>Moraal<br>Akademie |
| Mnr. Crowther R | Ondervoorsitter<br>Finansies<br>Veiligheid<br>Tegnologie |
| Mnr. Du Preez H. | Sport<br>Bemarking |
| Me. Slabbert A. | Koshuis<br>Kultuur<br>Akademie |
| Me. Van der Merwe D. | Bemarking<br>Moraal<br>Kultuur |
| Mnr. Van der Merwe G. | Grond en Geboue |
| Mnr. Van Vuuren H. | Dissipline |
| Mnr. Venter J. | LOO |

**Aanwysing van nuwe Beheerliggaam 1 Maart 2024 tot 30 Maart 2024.**

*

**Die verkiesing van nege ouers as lede van die Hoërskool Jim Fouché vind plaas op Vrydag, 15 Maart 2024. (Tyd: 06:30 - 18:30)**

## Funky Sox

Die funky sox sal voortaan deur die Klerebank hanteer word.

Die voorraad wat oorgebring is, is op die Klerebank KarriApp collection verkoop.

Die volgende funky sox bestelling sal teen die einde van die maand op KarriApp gelaai word.





karri

POWERED BY NEDBANK

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# DIE 5 LIEFDESTALE VAN TIENERS.

*Die vyf liefdestale van tieners, gebaseer op die werk van Gary Chapman, bied 'n unieke raamwerk om die emosionele behoeftes van tieners te verstaan.*



1 Eerstens, fisiese aanraking, beklemtoon die belang van aanraking in die vorm van omhelsings en aanraking om 'n gevoel van geborgenheid te skep.

2 Verbale bevestiging, die tweede liefdestaal, fokus op die krag van positiewe woorde en aanmoediging om die selfbeeld van 'n tiener te bevorder.

3 Derde is tyd saam, wat beteken om bewustelik tyd te maak vir die tiener, wat waardevolle oomblikke van interaksie en geselskap insluit.

4 Geskenke om waardering uit te druk. Die liefdestaal klink dalk na die “maklike” een, maar soms moet ons mooi luister en aandag gee om die perfekte geskenk te kies.

5 Diens, die laaste liefdestaal, behels om liefde te toon deur doelbewuste dade van vriendelikheid en hulpvaardigheid.

1. Fisiese aanraking
2. Verbale bevestiging
3. Tyd saam spandeer
4. Geskenke
5. Diens/dade

## Liefdestale

Die begrip van hierdie liefdestale bied 'n raamwerk vir ouers, opvoeders en ander rolspelers om 'n dieper verhouding met tieners te bou deur op 'n manier lief te hê wat betekenisvol vir hulle is. Hierdeur kan 'n omgewing van verstaan en ondersteuning geskep word, wat van groot waarde is tydens die opwindende tienerjare.



JF LEEF MET

WAARDE VAN DIE WEEK

# Waarde

OMGEE

Week se stukkies





"Lewe met omgee" is 'n pragtige uitdrukking in Afrikaans. Dit beteken letterlik "lewe met sorg" of "lewe met liefde." Dit herinner ons daaraan om nie net deur die lewe te beweeg nie, maar om dit met empatie, sorg en liefde te doen.
Lewe met omgee is 'n waardevolle beginsel wat ons kan help om 'n betekenisvolle en liefdevolle lewe te lei.
Hier is 'n paar maniere waarop jy met omgee kan lewe:

**Wees bewus van ander mense se gevoelens:**
Luister aktief na mense en probeer hul emosies verstaan. Wees sag en geduldig, veral wanneer iemand deur 'n moeilike tyd gaan. Luister aandagtig na hul verhaal sonder om te oordeel. Dit laat hulle voel hulle word gesien en gehoor.

**Doen iets vriendeliks vir iemand anders:**
Dit kan 'n klein daad van goedhartigheid wees, soos 'n deur oopmaak vir iemand, 'n kompliment gee of 'n vreemdeling help. 'n Eenvoudige glimlag of 'n vriendelike groet kan 'n groot verskil maak. Behandel mense met respek en vriendelikheid, selfs in die klein dinge. Elke klein gebaar tel.

**Ondersteun ander in hul stryd:**
As iemand in jou lewe 'n moeilike tyd beleef, wees daar vir hulle. Stuur 'n bemoedigende boodskap, koop 'n koppie koffie of laat 'n klein geskenk agter sonder om iets terug te verwag. Dit is 'n manier om liefde en omgee te wys.

**Vrywillige werk:**
Deel jou tyd en talente met gemeenskapsorganisasies of liefdadigheidsinstellings. Dit is 'n manier om terug te gee en 'n verskil te maak in ander mense se lewens.

**Wees bewus van jou impak op die omgewing:**
Omgee vir die aarde sluit in om bewus te wees van jou afval, watergebruik en energieverbruik. Klein veranderinge in jou daaglikse gewoontes kan 'n groot verskil maak.

Onthou, omgee is nie net oor groot gebare nie; dit is oor alledaagse vriendelikheid en oorweging. Dit is 'n manier om 'n positiewe impak op die wêreld te hê en 'n liefdevolle lewe te lei.

*Lewe met omgee is 'n waardevolle beginsel wat ons kan help om 'n betekenisvolle en liefdevolle lewe te lei.*

*Dit is 'n manier om 'n verskil te maak in ander mense se lewens.*

# Die Liefde




7 Dit bedek alles,
glo alles,
hoop alles,
verdra alles.
8 Die liefde vergaan
nooit nie,
maar die gawe
van profesie sal
verdwyn,
die gawe
om ongewone tale en
klanke te gebruik, sal
ophou,
en dié van kennis sal
uitgedien raak.
Want ons ken maar
gedeeltelik,

1 KORINTIËRS 13

# INDIVIDUELE FOTO'S

# FOTOPAKKETTE



Dit is weer tyd vir die individuele foto's. Die hele skool se leerders word afgeneem met die oog op die jaarblad en prysuitdeling.

**Dié fotopakkette kan u teen R60 bestel word.**

LET WEL:

**Bestellings vind STRENG via Karri plaas.**

GEEN EFT's, GEEN KONTANT EN GEEN KAARTBETALINGS sal aanv word nie.

Ons gaan u 'n hele maand gee om te bestel, wat u meer as genoeg tyd gee om die Karri-app te bemeester. Ons vra u samewerking in dié verband. Ons het verlede jaar oor die 800 bestellings gehad, daarom vra ons dat u net op Karri bestel.

## FOTOBESTELLINGS SLUIT: 10 MAART 2024 - GEEN LAAT BESTELLINGS SAL AANVAAR WORD NIE

Die foto's word geneem in formele somersdrag en die leerders moet die betrokke oggend reeds om **6:30** op die teerblad aantree.

- **26 FEBRUARIE 2024 – GRAAD 8**
- **27 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 12**
- **28 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 11**
- **29 FEBRUARIE 2024 - GRAAD 10**
- **1 MAART 2024 - GRAAD 9**

# R60





# Buitelugskool *Akademie*

240 graad 9 leerders was laas week op ons jaarlikse Buitelugskool kamp by **Imla Gasteplaas.** Ons is diep dankbaar vir 'n geseënde en veilige week!

**Daar was vet pret in die pragtige Oos-Vrystaat en baie nuwe vriendskappe is gevorm.**

Dankie aan elke liewe ouer wat 'n kind geborg het en dit moontlik gemaak het dat ons hele graad 9-groep kon gaan. Ons waardeer julle vrygewige harte ongelooflik baie.




















https://www.facebook.com/IMLAGuestFarm



# Sport

## Karate



Bloemfontein Martial Arts Academy
Die volgende karatekas is in die Vrystaatspan ingesluit vir Kumite:
Nicky Huysamen
Ignus Ferreira





## Skiet

Baie geluk

Martin Maasdorp, 'n gr12-leerder, is ingesluit in die SA-Proteaspan vir *metallic silhouette shooting*.

Martin sal Suid-Afrika by die IMSSU-wêreldkampioenskap van 3-14 Junie 2024 in die *small bore handgun aggregate* U20-kategorie verteenwoordig.



## SKAAK

Gregory Gibbens het die naweek 1ste plek gekry in die **Mangaung Metro Vrystaat Skaaktoernooi.**



## Swem



Dané de Klerk het gekwalifiseer vir Junior en Senior Nasionale swemkampioenskappe.
Die juniors kampieonskappe vind vanaf 13 - 19 Maart 2024 plaas
Die senior kampieonskap vind vanaf 15 – 20 April 2024 plaas.

#trotsJF



# Sport

# ATLETIEK SONE 1 UITSLAE

## Dogters 14:

Lienke Kolver – 4de plek in Diskus 17.81m
Lane Verwey – 6de plek in Diskus 16.33m
Carolina Geldenhuys – 1ste plek in Spiesgooi 27.83m
Simone du Toit – 1ste plek asook rekord in Hoogspring 1.42m
Simone du Toit – 2de plek in Spiesgooi 26.47m
Dane Neethling – 2de plek in die 200m 00:27:61
Dane Neethling – 2de plek in die 100m 00:13.52
Dane Neethling – 2de plek in die 400m asook rekord 00:62.51
Hayley Stotlz – 3de plek in die 200m 00:29.91
Hayley Stotlz – 5de plek in die 100m 00:14.27
Rukaiya Sampson – 2de plek in Verspring 4.47m
Rukaiya Sampson – 3de plek in Hoogspring 1.35m
Rele Serobanyane – 4de plek in Verspring 4.12m
Retha Serebanyane – 6de plek in Verspring 3.50m

## Dogters 15:

Kim Cloete – 5de plek in die 200m 00:30.49
Zanelle Carelzen – 3de plek in Diskus 19.55m
Zanelle Carelzen – 2de plek in Spiesgooi 31.67m
Neldri du Toit – 1ste plek in Hamergooi asook nuwe rekord 43.42m
Neldri du Toit – 3de plek in Gewigstoot asook nuwe rekord 10.50m
Marune Dreyer – 2de plek in Verspring 4.43m
Marune Dreyer – 2de plek in 90m Hekkies 00:15.76
Marune Dreyer – 2de plek in Hoogspring 1.35m
Duane Louwrens – 6de plek in Verspring 3.52m
Lin-Mari van Zyl – 1ste plek in Hoogspring 1.41m
Lana van Schalkwyk – 4de plek in Gewigstoot 10.10m

## Dogters 16:

Mia Aucamp – 2de plek in die 200m 00:28.03
Mia Aucamp – 2de plek in die 100m 00:13:52
Mia Aucamp – 1ste plek in die 400m 00:64.14
Danika Kotze – 3de plek in Verspring 4.01m
Melani Slabbert – 3de plek in Gewigstoot 8.15m
Danell Oelofse – 1ste plek asook nuwe rekord in die 3000m 11:08.71
Danell Oelofse – 1ste plek in die 2000m Hindernis
Hanel Brown – 1ste plek in Driespring 10.76m
Alinca Smit – 4de plek in die 200m 00:29.49
Alinca Smit – 2de plek in die 400m 00:69.55
Michelle Janse v Rensburg – 5de plek in die 800m 02:52.76
Mia Jonas – 5de plek in die 400m 00:76.95

## Dogters 17:

Robyn-Leigh Viljoen – 2de in Verspring asook nuwe rekord 4.97m
Nadia van Niekerk – 4de plek in Verspring 4.04m
Sione van Zyl – 2de plek in Spiesgooi 13.70m
Johaney du Toit – 1ste plek in Hamergooi 44.64m
Johaney du Toit – 1ste plek in Gewigstoot asook nuwe rekord 11.55m
Shanique Janse van Rensburg – 1ste in Diskus 18.40m
Shanique Janse van Rensburg – 1ste in Spiesgooi 24.43m
Amone Verwey – 1ste in die 200m 00:27.11
Amone Verwey – 1ste in die Verspring asook nuwe rekord 5.20m
Amoney Verwey – 2de in die 100m 00:13.16

## Dogters 19:

Marli Smith – 1ste in Spiesgooi 34.57m
Annemie Mielman – 5de in die 200m 00:32.92m
Lindsey Neveling – 2de in die 800m 02:58.49
Sulette Malherbe – 1ste in die 1500m 06:04.32

## Seuns 14:

Wian Burger – 4de plek in die 200m 00:25.11
Wian Burger – 4de plek in die 100m 00:12.40
Nico Coetzee – 2de plek in die 200m asook nuwe rekord 00:25.11
Nico Coetzee – 3de plek in die 100m 00:12.28
Retief Ehlers – 2de plek in Verspring 5.25m
Xander Nikolov – 6de plek in Diskus 22m
PN Roux – 3de plek in Diskus 31.46m
PN Roux – 3de plek in Gewigstoot 9.11m
WJ Etsebeth – 4de plek in Spiesgooi 22.30m

#trotsJF

## Seuns 16:

Regan de Villiers – 2de plek in Hoogspring 1.60m
Joshua Oosthuizen – 1ste plek asook nuwe rekord in die 200m 00:21.85
Joshua Oosthuizen – 1ste plek in die 100m 00:11.39
Tiaan Buys – 1ste plek in Hamergooi 37.39m
Tiaan Buys – 3de plek in Gewigstoot 13.20m
Tiaan Buys – 2de plek in Diskus 32.40m
Eben Smit – 5de plek in Diskus 21.50m
Zenith Labuschagne – 2de plek in 3000m 11:24.08
HJ Noeth – 4de plek in Gewigstoot 8.87m
HJ Noeth – 3de plek in Diskus 24.19m
Rohan Nothnagel – 2de plek in Hoogspring 1.60m
Donovan Pretorius – 6de plek in die 200m 00:25.56

## Seuns 15:

Ruan Kruger – 1ste plek asook nuwe rekord in Hamergooi 41.10m
Ruan Kruger – 3de plek in Gewgistoot 13.33m
Jayden Barlow – 2de plek in die 400m 00:58.50
Jeandre Nel – 6de plek in Spiesgooi 24.69m
Mingus Booysens – 3de plek in spiesgooi 32.30m
Jareth Scott – 1ste plek in Driesprong 11.73m
Jareth Scott – 2de plek in Verspring 5.30m
Francois Fick – 4de plek in Spiesgooi 29.23m
Jaco Taljaard – 2de plek in Driesprong 10.22m
Clinton Wall – 6de plek in die 400m 00:77.63

## Seuns 17:

Conrad van der Zwaard – 1ste in Gewigstoot 15.35m
Conrad van der Zwaard – 1ste in Diskus 38.39m

## Seuns 19:

Bertie Cruywagen – 1ste in die 200m 00:21.65
Bertie Cruywagen – 1ste in die 100m 00:10.87

# ATLETIEK REKORDS

**Rekords behaal by Sone 1:**

| | |
|---|---|
| Joshua Oosthuizen | - 200m |
| Danell Oelofse | - 3000m |
| Simoné du Toit | - Hoogspring |
| Ruan Kruger | - Hamergooi |
| Johaney du Toit | - Gewigstoot |
| Neldri du Toit | - Hamergooi |
| Dané Neethling | - 400m |
| Amoné Verwey | - Verspring |
| Nico Coetzee | - 200m |
| Robyn-Leigh Viljoen | - Verspring |



# Krieket

BESTE BOULERS :
PIETER CONRADIE 4 VIR 20
HENKO VENTER 3 VIR 20.



BESTE KOLWERS :
ARNAUD MARAIS 54 LOPIES
NIEL WILKEN 33 N.U.N.

JF SE EERSTE KRIEKETSPAN WEN MET 48 LOPIES TEEN HOËRSKOOL SASOLBURG.

## Krieket Eerstespan

BESTE BOULERS:
LIAN THERON 3 VIR 25
MARCO DE LANGE 1 VIR 9
SJ ODENDAAL 1 VIR 12



BESTE KOLWERS:
LIAN THERON 58
RG VORSTER 40

JF SE EERSTE KRIEKETSPAN WEN MET 8 PAALTJIES TEEN GREY 3.

#TROTSJFKRIEKET

#TROTSJF

# Atletiek

**Die volgende atlete is op meriete gekies om hierdie Vrydag aan Sentraal se Top 20 byeenkoms deel te gaan neem.**




**Meisies:**
Danell Oelofse
Johaney du Toit
Neldri du Toit
Mia Aucamp
Hanel Browne
Dané Neethling
Alinca Smith
Amoné Verwey
Maruné Dreyer
Hayley Stoltz




**Seuns:**
Ruan Kruger
Danyon Melaat
Tiaan Buys
Joshua Oosthuizen
Conrad van der Zwaard
Nico Coetzee
Jayden Barlow
Donovan Pretorius
Wian Burger
PN Roux

# Krieket o/15A

BESTE BOULERS:
ANDRE KLEYN 3 VIR 9
JARETH SCOTT 2 VIR 25

BESTE KOLWERS:
FRANCO DE NECKER 60 N.U.N.
RUAN KLEYN 24

#TROTSJFKRIEKET

JF SE O/15A-KRIEKETSPAN WEN MET 3 PAALTJIES TEEN GREY O/14A

# Krieket Eerste span

BESTE BOULERS:
PIETER CONRADIE 4 VIR 20
HENKO VENTER 3 VIR 20
COBUS WILKEN 1 VIR 0

BESTE KOLWERS
ARNAUD MARAIS 54
NIEL WILKEN 33*

DIE EERSTE KRIEKETSPAN SPEEL TEEN HOËRSKOOL SASOLBURG EN WEN MET 48 LOPIES.

#TROTSJFKRIEKET

#TROTSJF


EERSTE LIGA SEMI-FINALE
JF 2 vs GREY 4
JACOBSDAL vs GREY 5
SUPERLIGA SEMI-FINALE
JF 1 vs GREY 2
19 Februarie - CUT
DIAMANDVELD vs SAINTS 2
20 Februarie - CUT
Sterkte manne!
#TROTSJFKRIEKET
#TROTSJF

RUGBY

Rugby

# GREENMACHINE

vs

## WELKOM GIMNASIUM

vs

**Pres. Steyn A-veld**
**15:00pm**
**24/02/2024**



1 SW vd Merwe
2 Ian Nel (VC)
3 Darren Matthews
4 Brendan Weyers
5 Franco Oberholzer
6 Nathan van Breda
7 JW Stone
8 Qian Moller
9 Duard Bester
10 Alldrick Johnson
11 IJ Jonker (C)
12 Heinrich Hattingh
13 Bendré Vermaak
14 Hanro Marais
15 Christian Strydom

KONICA MINOLTA

#TROTSJFRUGBY

#TROTSJF

JF Oester
Die storie agter die stories
Tweede plek in die Media 24 Nasionale Skoolkoerantkompetisie 2011 (begroting minder as R 10 000)
2014 - 9de in SA - 2015 6de in SA - 2017 7de in SA - 2018 Wenner



# Wat is 'n dag sonder liefde en omgee?!



Joné Theunisen









Op die 14de Februarie het JF voluit liefde geleef, net soos elke ander dag. Die onderwysers het vanoggend verskillende hekke fraai versier en beman om die leerders met 'n rooi suigstokkie - en baie vreugde! - te begroet.

Dit was onvoorwaardelik spesiaal!

Die dag was met rooi en pienk getooi. Almal het geskenke en drukkies uitgedeel. Met die rooi, wit en pienk skakerings van die sivviedag , het almal, dogters én seuns, heeldag lank gebloos.

JF glo vas as God die wêreld so lief gehad het om sy eniggebore seun te stuur om vir al ons sondes te sterf, dan kan ons mekaar 'n bietjie ekstra liefhê.

Alhoewel nie elke dag Valentynsdag is nie, moet ons elke dag liefde uitstraal tot die beste van ons vermoë. Om liefde uit te straal kom van binne af. Jy moet jouself eers liefhê voor jy liefde kan gee.

So liewe JF, mag Valentynsdag elke dag in jou hart voortleef!